

# HEILBRON

# HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



Huppel  
Trippel hou  
opskop 3

Swak diens  
vanaf 6  
munisipaliteit

Heilbron  
Hero 6

## Heilbron rioolwerke kommerwekkend

Inwoners van Heilbron is hewig ontsteld oor die toestand van die dorp se rioolwerke. Die munisipaliteit van Heilbron en die Departement van Water en Sanitasie het reeds in 2022 'n dringende brief ontvang oor die riool- en vullisbesoedeling van die Elandspruit wat buite die dorp vloei. Die AfriForum-tak in Heilbron het op 22 Maart die probleemarea saam met twee persone van die Departement van Water en Sanitasie, asook 'n afvaardiging van boere wat langs die besoedelde Elandspruit woon, besoek.

Die besoek het vroeë opgewek oor hoe gereeld daar onderhoud aan die werke gedoen word. Dit word beweer dat 'n ingenieur weekliks die rioolwerke besoek en

afteken dat dit wel in 'n werkende toestand is, maar dit word beskou as onrealisties. Francis Moeketsi, die bestuurder van die munisipaliteit, was egter nie beskikbaar vir enige inligting rondom die bewerings nie. Met die besoek is uitgewys hoe vuil die water is. Die oorsprong van die probleem is geïdentifiseer as die onwettige vullisterrein, waar die vullis in die spruit inwaai en ook die onderaardse water besoedel, asook die rioolwerke wat nie in 'n goeie werkende toestand is nie. Dit is hoofsaaklik omdat daar min van die riool wat na die werke moet gaan, wel by die werke uitkom. Die probleem spruit uit die feit dat die pompstasie wat die riool na die rioolwerke moet pomp, glad nie werk nie of nog nie

voltooi is nie. Die rioolwerke word glad nie onderhou nie, die gras het die terrein oorgroei en die munisipaliteit doen geen instandhouding by die perseel nie. By die pompstasie het die afvaardiging bevind dat die hek af is, maar hoewel daar 'n bord aangebring is wat toegang verbied, kan enigiemand daar ingaan. Die pompkamer is nie gesluit nie en daar is gevind dat een van die twee pompe vermis word en dat daar ook kables gesteel is. Daar is 'n dam in 'n woonbuurt wat vol rou riool is. Hierdie toestand het tot gevolg dat die riool nooit by die rioolwerke uitkom nie en dus direk in die Elandspruit invloei. Die riool- en vullisbesoedeling in die Elandspruit is 'n geweldige probleem, nie net

vir die diere in die omliggende area nie, maar ook vir die inwoners van Heilbron wat afhanklik is van die water. Boere wat naby die area woon verloor waarde op hul grond weens die waterbron wat as onbruikbaar gesien word. Die besoedeling in die spruit is so erg dat diere nie die spruitwater wil drink nie en dat daar diere dood lê in die water. Daar moet onverwyld aandag geskenk word aan die toestand van die rioolwerke en die pompstasie. Die munisipaliteit moet verantwoordelikheid neem en die nodige onderhoud aan die werke doen om die besoedeling te voorkom.

Op die foto: Johannes Ngubane en Neo Koadibne, werknemers by die rioolwerke.

**VLAKLAAGTE SLAGHUIS**

100% BEST RESULT

**SPECIAL!!!**

Skaap Nek	R79.95/kg
Skaap Rib	R79.95/kg
Skaap Skenkels	R85.00/kg
Gemengde Skaap Tjops	R89.95/kg

Smurf: 083 293 7936  
Tanya: 083 498 0836

**HEILBRON TUINDIENSTE**

DUBBEL ERF @ R850p.m  
Gewone ERF @ R600p.m  
MEENTHUIS ERF @ R400p.m

SLUIT IN:  
Grassny; Rante sny;  
Hou BEDDINGS NETJES;  
Snoei van STRUIKE en Bome;  
SKOONBLAAS van SYPAADJIE en  
VERWYDER VUILGOEDSAKKE.

SKAKEL EBEN STANDER  
082 431 1926 | 072 582 9961

**FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING**  
Donderdae - Royal Auction Centre

VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:  
Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451

**BKB**  
The Trusted Name of Agriculture  
for Entrepreneurs, Farmers and Landlors  
www.bkb.co.za

**High Fert Kunsmis** | **Johnny Claassen** 082 779 3417 | **JCB** | **Eben Claassen** 072 581 7627 | **WILGE CHEM**

Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# Huppel Trippel hou opskop

## Beweging vir beter gesondheid

Die tema van HTK se saamkuier was BEWEGING vir beter gesondheid en lewenskwaliteit. Dit het gelei tot die hoogtepunt waar 'n aantal lede (en die kombuis-personeel) heerlijk saam geskoffel het op die maat van aansteeklike musiek! Die toeskouers het ritmies hande geklap en beweeg waarmee hulle kan beweeg. Dit was 'n verfrissende saamkuier-oggend. Oor twee weke is die program lekkerlag-speletjies om 'n tafel.



## Briewe van ons lesers

*Die volgende skrywe is ontvang van Martin van Schalkwyk van Heilbron gerig aan die Redakteur.*

*Die skrywe is ongeredigeer geplaas.*

259 Joyce streets  
Sandersville  
Heilbron, 9650  
28 March 2023

Dear Sir/Madam

My name is Martin van Schalkwyk iam writing this letter today to clear my name.

Sometime ago i became friends with Aron [Chico] de Jager. This was long before the local election, as we came near the time for local elections Chico decided he is going to stand for the candidate for councillor of the ANC.

On the day the candidate was elected Chico did not know about it, i went to fatch him because they knew he is going to stand

for the candidate for councillor so they wanted to exclude him. On our way into the meeting they already nominated there candidate thats when i also nominated Chico and so it was. From that day on me and him started to visit every house hold in the community of this ward witch is Ward 1, making promises of service delivery change to all community members of this ward, Promises of employment beter living conditions and many more was made to every community member of this ward, and i was by his side all the way and i even started beleiving every word he spoke because he sounded convincing and i trusted him because we spanded a lot of time together. So i made sure when ever we leave a house that we were asure of the vote.

So the candidate was chosen and as we were axpected he was the candidate and he will be the one that will be representing the

ANC, the same happened when it was the local election i was a party agent at the electing station here in sandersville, i was there until the bitter end. The votes was counted and the ANC won we than celebrated. The day after Chico got his results he decided that i was not the type of friend he needed in his life so i left, but now people are coming to me asking about the promises we made. Its been two years now and i dont see anything the service at the clinic is poor they want you to suffocate before you get help, and even if you get that help they sometimes dont have proper medication, they test you for HiV without any counselling amongst a lot of other things. Next to my house there is a open land witch is now used as a dumping side. The bushes are growing so high i had to get a cat, to avoid rats and snakes.

Community of Sandersville i want to

appoligise for all the promises i made the councillor sounded genuine and sincere he even fooled me, i just want you to know that everything that you going trough in connection with the minicapality iam also going trough the same, about unemployment and people getting less money then the minimum wage of R20per hour that the government implicated iam also in that position. The councillor fooled all of us he is not working because he got what he wanted, they are going to try and make as if they are busy because voting is around the corner. I know there are people that secrived there parties to vote for Chico am sorry you had to do that, i surgest you vote whisely this time around because i know i will.

I thank you for giving me your platform to clear my name

Regards

MMP van Schalkwyk (signed)

## Uitdiepen: Week 13 van 2023



Ek het dit die eerste keer agtergekom die dag toe die inperking in 2020 begin het. Onthou julle daardie tyd? Ons was met vakansie toe dit aangekondig is. Die vier dae voordat ons ingeperk is, mag niemand in die see geswem het nie. Ek het toe al gedink dit is sommer 'n gemorsstorie.

Ons het kennise van die Oos-Vrystaatse dorpie in die vakansieplek se hysbak gekry, en ek het nader gestaan om die egpaar elk 'n druk te gee. Die man het verskrik weggedeins en sy knopperige elmboog in my gesig gedruk.

"Cyril sê ons moet nou met die elmboog groet."

Ja, wel. Dis nou as jy regtig wil, dink ek.

Ons het twee dae voor die inperking huis toe gegaan, en twee dae van ons seevakansie. Man, dit was nou vir jou 'n gatslag.

(En met simpel wetgewing soos om

nie plakkies of oop skoene te mag koop nie, nie sigarette of drank nie, en ook nie warm kos nie. Jy mag ook nie reistasse aangeskaf het nie, maar jy kon 'n handsak koop waarin jy 'n dragtige koei kon wegsteek. Wragtag, daardie het vir my geen sin gemaak nie.)

Waarvan ek wel gehou het, was die aandklokkeel. Naby ons is 'n raserige gastehuis wat elke kort-kort van eienaar verander. Hulle het gewoonlik Donderdagaande groot gegaan. 'n Joligheid sonder perke. Wat ons keer op keer op keer slapeloos gelaat het. Gedurende die inperking was hulle genadiglik stil.

Die eerste oggend met die inperking het ek dit vir die eerste keer agtergekom: natuurgeluide wat jy nooit gehoor het nie. Daar was geen verkeer nie. Al wat ons gehoor het, was die vrolike getjirp van voëltjies in die witstinkhoutboom. Die akkerboom het soos 'n voëltjievergadering geklink.

Pragtige natuurkonsert wat vir ons opgedis is. Ewe skielik kon ons luister na wat rondom ons aangaan, sonder dat dit uitgedoof word deur geraas. Ek hoor nou nog vroegoggend die gekwetter van allerhande geveerdes. Ek luister na die verskillende toonhoogtes en gebrabbel.

Luister. Ja, dit is wat ons veronderstel is om te doen. Daar is natuurlik 'n verskil tussen "hoor" en "luister". Waar "hoor" 'n passiewe proses is, en geluide bloot hulle weg tot in jou kop vind, is "luister" 'n aktiewe proses. Waar jy na elke woord luister en ook na die fynere nuanses van die persoon wat aan die woord is.

Wanneer iemand my by die werk bel,

wil ek dadelik hulle vraag beantwoord. Die arme mens het nog nie eers kans gehad om die konteks te verduidelik nie, dan val ek hulle sommer in die rede, want meeste van die tyd weet ek waaroor die oproep gaan.

Ek moet myself dan so half briek: laat die persoon klaar praat, nie noodwendig sodat ek al die inligting kan kry nie, maar sodat daardie persoon kan voel dat iemand na hulle luister. Aktief luister omdat ek belangstel. Al voel ek nie op daardie oomblik so nie.

Meeste van die tyd het mense net nodig om na geluister te voel. Amper soos wat ons vir die eerste keer na die voëlgeluide geluister het.

Ons gaan Dinsdagaand Voortrekkermonument toe vir 'n uitvoering deur die Pretoria Simfonieorke in die Gedenksaal. Dis uittreksel uit Die Messias van George F Handel. Dit klink dalk effens Grieks (eerder "Duits", want hy was Duits en Brits. Ek moet biege: ek het laasgenoemde eers 'n paar minute gelede op Wikipedia raakgelees), maar daar is 'n baie, baie bekende deel uit die oratorium wat gereeld uitgevoer word: Die Hallelujakoer. Ek sal die res van die uitvoering mis, solank ek net na die Hallelujakoer kan luister.

Die saal het 'n groot opening in die middel, en die akoestiek is verbasend goed. Daar is drie soliste wat ons vergas met hulle optrede saam met 'n koor. Jinne, ek kry hoendervleis. Sodanig dat my goeie man my amper by KFC wil gaan verkoop.

Met die laaste klanke van elke lied is daar 'n sagte, maar duidelik eggo wat van deur die koepel van die saal teruggekaats kom. Dit voel regtig asof jy in die middel van die orkes staan en hulle net vir jou

alleen sing.

Ek hoor nie net die instrumente nie, ek luister. Later, met toe oë, voel ek hoe dit die diepte van my hart aanraak.

GF Handel het hierdie hele oratorium in net 24 dae geskryf. Een van sy gereelde kritici het die oratorium afgemaak as nonsens, omdat geen mens alles in 24 dae kon doen nie.

Die oratorium vertel van die profesie vanuit die boek Jesaja, waar die eerste voorspellings van Jesus se koms gemaak is, later van Jesus se geboorte, Sy lyding, dood en opstanding en ook dat dat Hy opgevaar het hemel toe. Dit vertel ook van die laaste dag en die groot oordeel.

Terwyl ek toe-oë sit en luister, drink ek die musiek in. In my gedagtes sien ek die toneel waaroor daar gesing word en dit raak my nog meer.

So moet dit wees, dink ek. Ons moet luister, nie net hoor nie. Maak nie saak of dit musiek is of 'n gesprek nie. Selfs mense se stiltes kan jou beter laat luister. My Santie-vriendin sê altyd: As jy nie iemand se stiltes verstaan nie, sal jy ook nie sy woorde verstaan nie.

Soms wil mense net voor geluister wees.

Laat toe dat iemand se woorde in jou siel gaan lê.

Moenie soos ek te vinnig die antwoord wil gee nie.

Maak hierdie week moeite om werklik na iemand te luister. Dis die les vir hierdie week.

Dit kan dalk iemand anders se lewe verander.

# Troukooors in Heilbron



Ruan en Ansulé Bronkhorst is op 18 Maart 2023 te Casa Cara getroud. Ruan is die seun van Piet en Debbie van Potchefstroom en Ansulé is die dogter van Koos en Elsabe Engelbrecht vanaf Heilbron. Die egpaar vestig hulself in Potchefstroom.



Tat en Hannelie van der Watt is op 18 Maart 2023 te Petrus Steyn getroud. Tat is die seun van Deon en Hannelie van der Watt, van die Tweeling-Frankfort distrik. Hannelie is die dogter van Eugene en Driekie Flemming van Heilbron. Die egpaar vestig hulself in Frankfort.



Jandré en Estené Pretorius is getroud op die 25ste Maart 2023 te Three Rivers Lodge. Jandré is die seun van Jan en Charlene Pretorius van Parys en Estené is die dogter van Hermann en Georgina Weiss van die plaas Vlakkui, Koppies-Heilbron distrik. Die egpaar vestig hulle in Bothaville.

## Bounce with Faith

Elizbè Basson het 'n nuwe heerlike uitdaging vir fiksheid fanatikusse. Dit is bekend as "Bounce with faith" en dit is 'n lekker manier om fiks te word en 'n paar kilo's af te skud. Moenie dink dat dit maklik is nie.

Die rebounding klasse is 'n oefenklas wat die gebruik van 'n mini-trampolien insluit. Dit het 'n baie gewilde oefening geword omdat dit nie net die hartklop verhoog nie, maar dit ook die hele liggaam oefen en 'n groot hoeveelheid kalorieë verbrand. Die oefenklasse is geskik vir mense van alle ouderdomme en fiksheidsvlakke.

Elizbè het besluit om 'n besigheid te begin waar sy haar passie kan uitleef om ander mense te help om fiks te word. Sy het begin om 'n mini-trampolien te gebruik vir haar oefenklasse en het gou besef dat dit 'n baie effektiewe manier is om 'n volledige liggaamsoefening te kry.

Haar rebounding klasse bestaan uit 'n verskeidenheid van oefeninge en houdings

wat spesifiek ontwerp is om die hele liggaam te oefen. Dit sluit oefeninge in soos hupstootjies, spronge en opsitte, wat alles op die mini-trampolien gedoen word. Die klasse is pret en energiek en dit moedig deelnemers aan om hulself te oortref.

Die klasse is geskik vir engeen wat wil oefen en fiks wil bly. Dit is veral gewild onder mense wat nie van tradisionele oefeninge soos spinning hou nie of of om in 'n gimnasium te oefen nie. Die rebounding klasse is ook 'n baie goeie manier om 'n paar kilo's af te skud en gesond te bly.

Elizbè se rebounding klasse by die Boeresaal is 'n baie gewilde oefenklas en dit is maklik om te sien hoekom. Dit is 'n prettige manier om fiks te word en die hele liggaam te oefen. Al is dit lekker, bly dit uitdagend. As jy op soek is na 'n nuwe fiksheid uitdaging, moet jy beslis oorweeg om aan Elizbè Basson se rebounding klasse by die Boeresaal deel te neem.



## Metaalverklikkers gesoek

Die Boereoorlog is 'n belangrike deel van Heilbron se geskiedenis. Vir baie het hierdie oorlog 'n persoonlike impak gehad, veral vir diegene wat grond geërf het en in hierdie tydperk betrokke was. As jy 'n plaas het met 'n Boereoorlog-geskiedenis, of dalk 'n erf in die dorp het wat aan hierdie tydperk herinner, is die Metaalverklikker-groep op jou spoor.

Die groep sal van 11 tot 14 Mei 2023 in Heilbron wees vir 'n jaarlikse byeenkoms. Hulle sal saamwerk met die Erfenisstigting en die Riemland Museum om die 150ste bestaansjaar van Heilbron te vier. Danie Knoetze en sy span nooi almal om saam te kom gesels, asook saam te stap terwyl hulle met die metaalverklikkers na voorwerpe van historiese belang soek. Enige items wat tydens hierdie tyd gevind word en wat die museum van waarde beskou, sal aan hulle geskenk word.

Indien enige persone vrygewig genoeg is om dat die groep mense na jou plaas toe te nooi, sodat hulle kan kom loer vir voorwerpe van historiese belang, kontak gerus Danie Knoetze. Die Metaalverklikkers doen dit alles vir die liefde van ons geskiedenis en om ons erfgoed te bewaar.



### HIGH FERT (PTY) LTD

High Fert Penseel  
Langs VKB Graansilo  
Petrus Steyn, 9640  
Tel: 056 247 0996  
Cell: 083 560 9807

Posbus 257  
Petrus Steyn, 9640  
e-mail: bestuur@highfert.com  
BTW nr: 4170263323

Produksie Bestuurder – Highfert Kunsmis

High Fert Kunsmis is opsoek na 'n passievolle en gedrewe produksie bestuurder vir sy kunsmis aanleg in Petrus Steyn.

#### Verantwoordelikhede:

- Organiserings en beheer van die produksie proses in die fabriek
- Produkte volgens spesifikasie vervaardig
- Produkte vervaardig volgens tydlime
- Gehalte beheer van die produkte
- Personeelbestuur op aanleg – permanente en tydelike werkers
- Logistiek rondom produk lewering
- Bestuur van die onderhoud van die aanleg

#### Kwalifikasies verlang:

- BSC Chemie kwalifikasie sal voordelig wees
- Vorige ondervinding in soortgelyke posisie sal voordelig wees
- Vermoë om met mense te werk
- Bereid wees om naweke en in seisoen lang ure te werk

#### Vergoedingspakket:

- Markverwante Basiese salaris afhangend van ervaring en kwalifikasies
- Produksie gekoppelde bonus struktuur
- Kommunikasie toelaag
- Woonplek – slegs verantwoordelik vir eie elektrisiteitsverbruik

Aansoeke sluit die 14de April 2023 en kan aan [bestuur@highfert.com](mailto:bestuur@highfert.com) ge-epos word.

**SOLAR VIBE**  
ALL ELECTRICAL & SOLAR APPLIANCES

47 Celliers Street, Heilbron | 060 908 9009 | [admin@solarvibestore.com](mailto:admin@solarvibestore.com)

All Electrical & Solar Appliances available in store!  
Orders placed with next day delivery  
Solar installations & After Services

# MOEDERKERK NIE NASIONALE MONUMENT

• Tom Watson

Die kerk van die Here leef in 'n onvoorspelbare wanordelike wêreld waarin hy sy boodskap van vrede, versoening en geregtigheid moet uitdra. Die stelling het nou die dag diep gesny en stof tot nadenke gelei!

Waar begin mens sou jy diepere denke aanpak wat selfs van toepassing op Heilbron is?

Sedert 1873 met die stigting van die NG Moedergemeente tot vandag, kan daar met sekerheid gestel word dat "politiek" in verskeie klerdrag die grootste enkele struikelblok tot die verwesenlike doel van Godsdiens is!

Kom ons dink aan die Anglo Boere-oorlog (1899-1902), Die Rebelle (1914), Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) en al die politieke verskille sedertdien.

Dan is daar nog die Groot Griep van 1918, die depressie en droogte van 1933, en gooi dan sommer ook die onlangse Covid, kragonderbrekings en beeldradio ook by.

Ek besoek onlangs die museum op Heilbron en daar word die NG Suid-kerk se eerste kanselkleed uitgestal. Pragtige houtsnewerk op rooi ferweel agtergrond – God is Liefde.

Wonder toe hoe lyk die NG Moederkerk (oudste NG Kerk) se eerste kanselkleed! Baie oud en ook dieselfde rooierige, pers agtergrond met dieselfde boodskap in borduurwerk uitgebeeld – God is Liefde!

Hoeveel onvoorwaardelike liefde is daar in die wêreld? Die liefde soos God dit bedoel het en in die Woord soos wat Jesus dit kom stel het.

Nasionale monumente op Heilbron was die afgelope tyd onder bespreking en ds. Braam van Zyl het die stelling gemaak dat die Moederkerk nie as nasionale monument verklaar kan word nie vanweë die veranderinge aan die kerk. Die kansel is nie presies dieselfde as die oorspronklike een nie!

Die "ou preekstoel" is in 1972 weer vanaf NG Kroonstad Morewag in gebruik geneem en verander om in te pas op sy "ou plek".

Daar word verskeie kanselklede met verskillende boodskappe uitgebeeld, bv. Die Alpha en Omega, U Woord is die Waarheid, ens.

Wanneer kerkgangers wag vir die erediens om aanvang te neem is die boodskappe daar om 'n gewyde atmosfeer te skep! Simbolies en kerklik-liturgies korrek!

Heilbron se NG Moederkerk het die boere-oorlog oorleef, maar Frankfort onder andere se NG Moederkerk is total afgebrand deur die Engelse weermag.

Heilbron was 'n Engelse weermag hoofkwartier tydens die "scorched earth" beleid om die boere tot oorgawe te dwing!



Op die foto kan gesien word die Kerkplein en die eerste kerkgebou van die NG Moedergemeente in ongeveer 1873. Met erkenning aan die Eeufoesgedenboek van NG Moederkerk 1973.



Op die foto kan gesien word die skerp punt deure na die konsistorie in die NG Moedergemeente Heilbron in ongeveer die 1880's. Met erkenning aan die Eeufoesgedenboek van NG Moederkerk 1973.



Die eerste kanselkleed van die NG Heilbron Suid Kerk.



Die eerste kanselkleed van die NG Moedergemeente Heilbron.

## Koppies Vroue Landbou Unie vereer lid

Op 15 Maart 2023 hou Koppies VLU hul maand vergadering. Die tema was WELWILLENDHEID. Kosbare inligting is deur Christiëne Odendaal gegee oor hoe JY 'n verskil kan maak in jou nabye omgewing. 'n Goeie môre groet aan jou bure, hulp aan 'n bejaarde in jou straat, saamspeel met jou kind. Liefde aandag en omgee kos niks maar gee so baie.

'n Hoogte punt van die vergadering is ons jaarlikse prysuitdeling. Vier en twintig van die nege en twintig lede het deur die loop van 2022 deelgeneem aan verskeie maand kompetisies. Prysvennens pronk behoorlik met hul trofees wat verower is.

Met groot trots kon ons ook ons ere lid Gesina Feldtman vereer met 'n sertifikaat vir 60 jaar lidmaatskap by Koppies Vroue Landbou Unie.

Gesina Feldtman (nee Bignaut) is op 24 Mei 1933 in Heilbron gebore waar sy ook gematrikuleer het. Sy en haar susters is van kleins af deur hul moeder geleer om te brei, hekel en naaldwerk te doen. Sy is getroud en het na Koppies verhuis waar sy in 1963 by Koppies VLU aangesluit het. Sy was vir 6 jaar voorsitster en het ook baie jare op die bestuur gedien.

Gesina is 'n ywerige deelnemer aan verskeie afdelings van die kompetisies. Oor die jare het sy talle pryse verower. Hoogtepunte is die verowering van eerste plekke op SA vlak in borduur-, hekel- en breiwerk asook kunsvlyt en masjienwerk. Op wêreld vlak was haar swartwerk teemus uitgestel in Ierland en saamtrekwerk teemus in Australië. Bloemfontein Museum het haar genader om haar handwerk daar uit te stal. Van Gesina se artikels het 'n permanente uitstal ruimte by Huis Emily Hobhouse waar sy tans woonagtig is.

'n Groot verjaardag viering vir haar 90 ste verjaarsdag word beplan.

Indien jy belangstel om meer te weet in verban met hierdie dinamiese organisasie skakel gerus vir Catrien Koekemoer by 071 1550 848.



Op die foto regs verskyn Gesina Feldtman (voor sittende) met haar sertifikaat. Agter van links na regs Cindy Wannenburg (Trofee vir beste vordering), Elmarie Oosthuizen (Trofee vir meeste punte deur die jaar behaal) en Louisa Jonker (Gesina Feldtman trofee vir lid met meeste punte by konferensie behaal).

# Graad R uitstappie na biblioteek

Die Graad R klas van Hoërskool Heilbron het onlangs die dorpse biblioteek besoek. Dit was 'n opwindende en leersame ervaring vir die jong leerders, wat 'n nuwe wêreld van boeke en kennis ontdek het.

Die klas het geleer hoe die biblioteek werk, insluitend hoe om boeke te leen en terug te bring. Hulle het ook geleer hoe om die katalogus te gebruik om boeke te vind wat hulle wil lees. Dit was 'n belangrike les vir die leerders, aangesien die biblioteek 'n bron van kennis en leesvermaak is wat hulle kan gebruik om hulself te ontwikkel en te groei.

Die klas het ook 'n poppekasvertoning

bygewoon, wat hulle baie geniet het. Die poppekasvertoning het 'n storie vertel wat die verbeelding van die leerders aangewakker het. Dit was 'n leersame en prettige manier om die leerders aan boeke en lees voor te stel.

Algeheel was die besoek aan die biblioteek 'n suksesvolle ondervinding vir die Graad R klas van Hoërskool Heilbron. Hulle het geleer oor die belangrikheid van boeke en die biblioteek, en hulle het ook 'n bietjie pret in die proses geniet. Dit is 'n goeie herinnering aan die waarde van lees en die rol wat die biblioteek kan speel in die lewens van jong leerders.



# Ngwathe skuld las oorskry R2 miljard

“Ngwathe munisipaliteit se skuld las het soos op 28 Februarie 2023 gegroei tot 'n verstommende R2,022 miljard”, sê Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe. Dit verteenwoordig 'n toename van nagenoeg R22 miljoen sedert Desember 2022. Die inligting blyk uit finansiële verslae wat op 22 Maart aan die Finansiële Komitee voorgehou was. Die munisipaliteit se Eskomskuld alleen beloop nou reeds nagenoeg R1,714 miljard.

Debiteure het daarteenoor opgehoop na R1,032 miljard waarvan die grootste deel, 67%, klaarblyklik deur huishoudelike verbruikers geskuld word. Die ooreenstemmende syfer vir Desember 2022 was R997,8 miljoen – 'n toename dus van ongeveer R32 miljoen. Die toename word weerspieël in die munisipaliteit se

kontantvloei staat wat aandui dat, teenoor verwagte begrote inkomste, slegs ongeveer 62% vir erfbelasting en 67% vir dienstegelede onderskeidelik ingevorder kon word.

Die munisipale inkomste is onlangs 'n verdere knou toegedien deurdat die kontrakteur wat hoofsaaklik die kragverkope hanteer, Cigicell, begin het om gelde verdien uit kragverkope terug te hou en aan te wend ter betaling van skuld aan die maatskappy, eerder as om dit aan die munisipaliteit oor te betaal. Die skuld aan Cigicell beloop tans ongeveer R53 miljoen wat spruit uit verskaffing van kragmeters en dienste aan Ngwathe. Cigicell se kontrak met die munisipaliteit verstryk later vanjaar en die maatskappy verlang volle betaling van sy uitstaande skuld voordat die kontraktermyn

verstryk. Die impak hiervan het 'n nadelige invloed van ongeveer R7 miljoen per maand op die munisipale inkomste en kontantvloei.

“Soos blyk uit die groeiende Eskomskuld las slaag Ngwathe munisipaliteit tans nie eers daarin om sy maandrekening aan Eskom te betaal nie, laat staan nog iets op sy skuld afbetaal”, sê raadslid Van der Merwe. “Ek spook al meer as twee jaar dat die munisipaliteit se kragtariewe, wat hoegenaamd nie relevant tot koste is nie, hersien word, maar die begroting vir 2023/2024 moet reeds teen 31 Maart 2023 ter tafel gelê word en daar is geen kans dat markverwante tariewe teen dan beskikbaar sal wees vir gebruik in die begroting nie. Die munisipaliteit het wel intussen hulp bekom om die tariefstruktuur te hersien, maar die proses vorder uiters stadig en die resultate

gaan waarskynlik weereens te laat beskikbaar raak vir begrotingsdoelindes.”

